15. Ekumenisiteit en Owerheid

15.1 RAPPORT DEPUTATE EKUMENISITEIT EN OWERHEID (Artt 57, 58, 162, 163, 271, 324)

A. Dr N Vorster lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Ekumenisiteit en Owerheid.
C. **Besluit:** Finansiële sake word verwys na die Kommissie vir Finansies.
D. Prof SJ van der Merwe rapporteer namens die Kommissie Ekumenisiteit en Owerheid.
E. Ds J van Schaik rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

F. RAPPORT

1. Opdrag (Acta, GKSA, 2006:176-177)

Deputate word aangewys om:

1.1 namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die nodige skakeling met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en ander instansies waarmee ons as Gereformeerde Kerke moet/kan skakel (soos bv Solidariteit Alliansie) te onderhou

1.2 kerke van die GKSA by te staan in hulle skakeling met die owerhede op die verskillende vlakke; asook om, waar nodig en moontlik, met ander kerke mee te werk in die skakeling met die owerhede

1.3 met die “Parlementêre Lessenaar” van die NG Kerk saam te werk en ook daarvoor te begroot

1.4 ‘n verteenwoordiger te benoem om die GKSA by die SARK te verteenwoordig en sodoende toeganklikheid en inspraak by die regering te hê

1.5 wetgewing te monitor en indien nodig, op te tree in die lig van die besluite van die Sinode, deur moontlike en toeganklike kanale wat die regering bied, te gebruik. Die Deputate moet voorgestelde wetgewing bestudeer en in die lig van die Skrif, Belydenis, Kerkorde, Sinodebesluite en Gereformeerde etiek op die mees effektiewe wyse daarop kommentaar lewer

1.6 wanneer nodig, in gesprek te tree met die onafhanklike meganismes wat die Grondwet bied ter ondersteuning van die grondwetlike demokrasie soos bv die Openbare Beskermer, die Kommissie vir Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur, Godsdiens en Taalgemeenskappe en die Menseregte-kommissie

1.7 die moontlikheid van ‘n Interkerklike Gereformeerde Moniteringskomitee te ondersoek. Swart en Engelstalige Gereformeerde Kerke moet, indien moontlik, saam met die drie Afrikaanse Kerke betrek word. Die komitee behoort ook saamgestel te word uit Gereformeerde Etici wat bevoeg is om die wetgewing te monitor en in die lig van die Skrif kommentaar daarop te lewer

1.8 skakeling tussen verskillende Deputategroepe te bewerkstellig sodat gekoördineerd gewerk kan word met betrekking tot gesprek en kommentaar na die owerheid. Ander Deputate van die GKSA moet eers met hierdie Deputate skakel alvorens hulle in gesprek tree of kommentaar lewer

1.9 die skrywe wat die Sinode van die Transvaalse Landbou Unie (TLU) ontvang het word aan die Deputate Ekumenisiteit Owerheid oorhandig om die relevante temas daarin met die owerheid te bespreek.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.9.

2. Sake om van kennis te neem

2.1 Die Deputate het skakeling gehad dmv telefoonkonferensies, e-pos en vergaderings. Ds Casper Breed is gekoöpteer om aan plaaslike kerke advies te gee oor skakeling met plaaslike owerhede. Dr Stoffel van der Merwe is as adviseur gekoöpteer.

2.2 ‘n Skrywe is in 2006 gerig aan Partikuliere Sinodes waarin die Deputate sy hulp aanbied in skakeling met owerhede, en kerke aanspoor om met plaaslike owerhede gesprek te voer.

2.3 Die Deputate het ‘n skrywe van die TLU SA ontvang wat kerke inlig oor die sosio-ekonomiese toestand van boere. Die Deputate het op 12 September 2006 ‘n gesprek in hierdie verband met verteenwoordigers van die TLU gehad.

2.4 ‘n Gesamentlike vergadering is op 1 Maart 2007 tussen verteenwoordigers van die *Deputate Ekumenisiteit: Binnelands* en *Deputate Ekumenisiteit en Owerheid* gehou om op ‘n ordelike werksverdeling tussen die twee Deputate te besluit. Die vergadering het besluit dat die *Deputate Ekumenisiteit: Binnelands* die aansoek om lidmaatskap van die SARK sal hanteer. Die *Deputate Ekumenisiteit en Owerheid* sal voortaan alle sake met betrekking tot die SARK hanteer.

2.5 Die SARK het die GKSA voorlopig as waarnemers aanvaar, omdat die SARK eers meer agtergrond en inligting oor die GKSA wil verkry. Die saak sal Julie 2008 deur die SARK gehanteer word. Die Deputate het besluit om nie by die vergadering van die Sentrale Komitee van die SARK aansoek te doen vir volle lidmaatskap nie, maar eerder te vra vir tydelike waarnemerstatus. Die Deputate wag vir uitsluitsel oor die aangeleentheid, en sal aanvullend oor hierdie saak rapporteer.

2.6 Die Deputate het ‘n skriftelike voorlegging aan die Portefeulje-Kommissie van die Departement Binnelandse Sake gemaak oor die voorgestelde *Konsep Wet op Burgerlike Verbintenisse*. Prof Koos Vorster het op Maandag 16 Oktober 2006 die voorlegging mondeling voorgehou aan die Portefeulje-Kommissie van Binnelandse Sake (Bylae 1).

2.7 Die Deputate het in Augustus 2007 ‘n voorlegging opgestel waarin dit sy kommer uitspreek oor die wyse waarop transformasie huidiglik toegepas word. Die voorlegging is aan die Presidensie oorhandig (Bylae 2).

2.8 Die Parlementêre Lessenaar van die NG-Kerk funksioneer nog nie op ‘n bevredigende wyse nie. Die *Deputate Ekumenisiteit Binnelands* is tans in gesprek met die NG Kerk oor die Lessenaar. Weens die gebrekkige funksionering van die Lessenaar het die Deputate dit self volgens verskillende staatsdepartemente ingedeel om monitering van wetgewing te doen (Bylae 3). Die Deputate sal aanvullend rapporteer oor die aangeleentheid en ‘n aanbeveling aan die Sinode maak.

2.9 Die Deputate het op 14 Februarie 2008 deelgeneem aan die opstel van ‘n Konsep-Handves van Godsdiensregte in Stellenbosch. Die bedoeling is dat die Handves van Godsdiensregte deur die Parlement as wet aanvaar word en in die toekoms regspraak met betrekking tot godsdiensregte lei. Verskeie insette van die Deputate is opgeneem in die Konsep-Handves van Godsdiensregte. Die Konsep-Handves van Godsdiensregte word tans aan kerke gesirkuleer, alvorens dit aan die Parlement voorgehou word vir aanvaarding (vgl Bylae 4 en 5). Die Deputate sal aanvullend oor die saak rapporteer en aanbevelings aan die Sinode maak.

2.10 Prof Koos Vorster het namens die Deputate ‘n kort verklaring voorberei waarin die Nasionale Vergadering versoek word om meer geleentheid vir bespreking en voorleggings oor die *Wet op die Terminasie en Beëindiging van Swangerskappe* te laat. Prof Koos Vorster het verder in Desember 2007 die GKSA se standpunt oor die saak op die Radioprogramme *Kollig op die Kerk* en *Oop Gesprek* gestel (Bylae 6).

2.11 Die *Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe* het nog nie tot behore gefunksioneer nie. ‘n Kommissie van die Parlement onder leiding van prof Kadar Asmal het aanbeveel dat die Kommissie moet saamsmelt met die *Menseregte-Kommissie*. Die Deputate het besluit om ‘n voorlegging te maak aan die *Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe* waarin gevra word dat die beskerming van minderheidsregte nog steeds aandag moet geniet indien die Kommissie verenig met die *Menseregte-Kommissie*. Prof Koos Vorster en ds Cassie Aucamp is tans besig om die voorlegging op te stel. Die Deputate sal aanvullend oor die aangeleentheid rapporteer.

2.12 Nuwe konsep-huwelikswetgewing poog om die drie huidige wette met betrekking tot individuele verbintenisse met mekaar te versoen. ‘n Voorlegging word tans deur prof Koos Vorster opgestel waarin die Deputate sy standpunt oor die huwelik stel. Die Deputate sal die voorlegging deurstuur aan die Portefeuljekomitee van die Departement Binnelandse Sake en sal aanvullend oor die aangeleentheid rapporteer.

2.13 ‘n Voorlegging oor die voorgestelde Skole-eed is opgestel en deurgestuur na die Onderwysdepartement (vgl Bylae 7).

2.14 Die Deputate ondersoek tans moontlikhede om mee te werk aan die opstel van die Akte van Verpligtinge.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.14.

3. Sake om oor te besluit

Daar sal aanvullend gerapporteer word oor die sake waaroor besluite geneem moet word.

Besluit: Kennis geneem.

4. Begroting

Sal afsonderlik ingedien word.

Besluit: Kennis geneem. Die uitgawes wat aangevra en aanbeveel word, is almal reeds bestaande uitgawes en is dus ook reeds in die begroting opgeneem.

G. AANVULLENDE RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kan kennis neem

1.1 *Deelname aan Tussentydse Ac Hoc Komitee*

1.1.1 Die Deputate het opdrag gekry om ook “*die nodige skakeling ... met ander instansies waarmee ons as Gereformeerde Kerke moet/kan skakel (soos bv Solidariteit Alliansie) te onderhou”* (Acta 2006:176, 4.1).

1.1.2 Ten einde effektiewe getuienis te lewer oor die *Wetsontwerp op Onteiening* wat in 2008 by die parlement ingedien is, het die Deputate hul gevoeg by die ***Tussentydse (Ad-Hoc) Komitee vir die Beskerming van Eiendomsreg*****.** ‘n Aantal organisasies uit die burgerlike samelewing werk in die Komitee saam. Die organisasies is AfriForum, die Afrikanerbond, Agri SA, TLU SA, die Landbou Werkgewersorganisasie (LWO), die Afrikanerfront, die FW de Klerk Stigting, ATKV, die FAK, die Nasionale Belastingbetalersunie (NBU), Regslui vir Afrikaans (RA), Solidariteit, Instituut vir Grondwetlike en Arbeidsregtelike Aangeleenthede, die ACDP, die DA en die VF+.

1.1.3 Die Deputate is van oordeel dat die *Tussentydse (Ad-Hoc) Komitee vir die Beskerming van Eiendomsreg* vanweë die wye verteenwoordigendheid daarvan die mees effektiewe instrument is om getuienis teenoor die owerheid te laat hoor. Die Deputate kan hul ook vereenselwig met die norme en waardes waarvolgens die *Tussentydse Komitee* optree. Die *Tussentydse Komitee* het die aansoek van die Gereformeerde Kerke goedgekeur en ons toetrede verwelkom. Hul ag ons insette van groot belang.

1.1.4 Die betrokke Wetsontwerp is intussen onttrek, en van die redes wat deur die Minister aangevoer is, is juis van die sake wat in die voorlegging deur die Ad Hoc Komitee uitgewys is, veral met betrekking tot die ongrondwetlikheid van die beoogde wetsontwerp.

1.1.5 Die Ad Hoc Komitee het besluit om te kontinueer, aangesien die wetsontwerp waarskynlik met enkele wysigings weer ingedien sal word.

1.1.6 Die Komitee het ook besluit om saam te werk in die getuienis teen ander aspekte van regeringsoptrede waardeur die beginsels van die regstaat bedreig word en die regering sy bevoegdheid oorskry. Die samewerking geskied op ‘n agenda-gedrewe *ad hoc* basis, wat aan deelnemende organisasies die geleentheid gee om selektief saam te werk ten opsigte van dié sake wat binne hul bevoegdheid val (in ons geval bepaal deur ons opdrag en KO, art 30).

1.1.7 Die drie aangeleenthede waarby die Deputate tans saamwerk is die te verwagte Onteieningswetsontwerp, Onderwys en Veiligheid. Die Deputate is van oordeel dat al drie hierdie sake binne die skopus van KO, art 30 val.

1.1.8 Die Deputate is van oordeel dat hierdie samewerking voortgesit moet word ten einde effektiewe en gekoördineerde getuienis teenoor die owerheid moontlik te maak, asook om betyds inligting te bekom oor aspekte waaroor ons getuienis moet lewer.

1.2 *Die Parlementêre Lessenaar*

1.2.1 Die Deputate bevestig die bevinding in die Eerste Rapport dat die Lessenaar nie effektief gefunksioneer het as instrument om met die owerheid te skakel nie. Dit geld sowel die verkry van vroegtydige inligting oor komende wetgewing, as die geleentheid vir insette tot die kommentaar en voorleggings aan die betrokke portefeuljekomitees.

1.2.2 Die Deputate het formele gesprekke aangevra met drr Kobus Gerber en Ben du Toit om die bogenoemde probleme aan te spreek.

1.2.3 Die Deputate het geskakel met br Johan Kruger wat Solidariteit se parlementêre wagpos beman, en van hom die onderneming gekry om die verlangde inligting aan ons deur te gee (kyk ook 4.1.1 van ons opdrag op p176 van Acta 2006).

1.2.4 Die Deputate was ook in gesprek met sekere LP's, wat onderneem het om inligting wat vir die kerke van belang kan wees deur te gee.

1.3 *Die SARK*

1.3.1 Die GKSA het tans waarnemerstatus by die SARK

1.3.2 Die Deputate vir Owerheidsake het nie langs die weg van die SARK se kanale gesprekke met die owerheid gehad of profetiese getuienis teenoor die owerheid gelewer nie. Die rede hiervoor is dat kommunikasiekanale tussen die GKSA en die SARK nog nie bevredigend ontwikkel is nie, weens onsekerheid oor die presiese status van die GKSA by die SARK. Die Deputate meen egter dat moontlikhede vir toegang tot die owerheid langs die weg van die SARK se kanale moontlik is indien kommunikasie verbeter word.

1.3.3 Die Deputate vir Ekumenisiteit Binnelands sal ‘n aanbeveling aan die Sinode maak oor die voortgesette deelname, al dan nie, van die GKSA by die SARK (vgl die Aanvullende Rapport van die Deputate Ekumenisiteit Binnelands.

Besluit: Kennis geneem van 1.1.1 tot 1.3.3.

2. Aanbevelings

2.1 *Oor die Tussentydse Ad-Hoc Komitee*

2.1.1 Die Sinode keur die optrede van die Deputate om mee te werk aan die *Tussentydse Ad Hoc Komitee vir Grondregte* goed, asook ander inisiatiewe wat moontlik uit die burgerlike samelewing na vore mag kom met die oog op die beskerming van die grondwet en die bevordering van ordelike regering.

2.1.2 Die Deputate kry opdrag om, met deeglike in agneming van KO, art 30, hul deelname aan geselekteerde uitgebreide werksaamhede van die Ad Hoc Komitee voort te sit vir so lank as wat hulle dit effektief ag.

2.1.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die *Ad Hoc Komitee* vir die geleentheid aan die GKSA gebied om met hulle saam te werk, asook vir die wyse waarop hulle insette van die GKSA akkommodeer.

Besluit: Goedgekeur. Volgens NGB, art 36 asook Rom 13 het die kerk ‘n profetiese taak en roeping teenoor die owerheid sodat hulle met verantwoordelikheid hul Godgegewe taak uitvoer. Die Tussentydse Ad Hoc Komitee kan as voertuig gebruik word om getrou te wees aan hierdie roeping, soos dit reeds gebruik is.

2.2 *Oor die 2009-verkiesing*

2.2.1 Die Sinode roep kerke op om voorbidding te doen vir vrede in aanloop tot die volgende verkiesing. Die Sinode moedig lidmate aan om op ’n verantwoordelike wyse hul burgerlike plig oor die komende verkiesing na te kom.

Besluit: Goedgekeur met wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge.

3. Opdrag aan te benoemde Deputate

3.1 Om in gesprek te tree met drr Kobus Gerber en Ben du Toit om al die probleme rondom die effektiewe funksionering met betrekking tot die Parlementêre lessenaar uit te klaar.

3.2 Die Deputate kry ‘n mandaat om van die Parlementêre lessenaar te onttrek indien die probleme nie uitgesorteer kan word nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 Die Deputate kry verder opdragte om:

3.3.1 namens die GKSA die nodige skakeling met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en ander instansies waarmee ons as Gereformeerde Kerke moet/kan skakel (soos bv Solidariteit Alliansie) te onderhou

3.3.2 kerke van die GKSA by te staan in hulle skakeling met die owerhede op die verskillende vlakke; asook om, waar nodig en moontlik, met ander kerke mee te werk in die skakeling met die owerhede

3.3.3 om oor die voortgesette deelname aan die Parlementêre lessenaar te oordeel, en indien samewerking as verkieslik beskou word, daarmee voort te gaan

3.3.4 wetgewing, en die uitvoering daarvan te monitor en indien nodig, op te tree in die lig van die besluite van die Sinode, deur moontlike en toeganklike kanale wat die regering bied, te gebruik. Die Deputate moet voorgestelde wetgewing bestudeer en in die lig van die Skrif, Belydenis, Kerkorde, Sinodebesluite en Gereformeerde etiek op die mees effektiewe wyse daarop kommentaar te lewer

3.3.5 wanneer nodig in gesprek te tree met die onafhanklike meganismes wat die Grondwet bied ter ondersteuning van die grondwetlike demokrasie soos bv die Openbare Beskermer, die Kommissie vir Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur, Godsdiens en Taalgemeenskappe en die Menseregtekommissie

3.3.6 skakeling tussen verskillende Deputategroepe te bewerkstellig sodat gekoördineerd gewerk kan word met betrekking tot gesprek en kommentaar na die owerheid. Ander Deputate van die GKSA moet eers met hierdie Deputate skakel alvorens hulle in gesprek tree of kommentaar lewer

3.3.7 om persone te benoem wat op die Church Leaders Forum kan dien

3.3.8 om die GKSA te verteenwoordig by die Ad-hoc komitee wat aanvanklik op die beskerming van Eiendomsreg gefokus het.

Besluit: Goedgekeur – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.